**BEOORDELINGSMAATSTAWWE VIR AANSOEK OM BEFONDSING VAN PROJEKTE:**

Die 1915 testament van Jan H Marais bepaal dat Het Jan Marais Fonds (HJMF) deur die trustees aangewend sal word ten behoewe van die Universiteit Stellenbosch, ter bevordering van die hoër onderwys in die algemeen by die US, maar meer spesifiek die onderwys in en deur middel van Afrikaans en wel met die doel dat Afrikaans nie 'n mindere plek as die ander amptelike landstale sal inneem nie. (Die testament verwys ook na Hollands, wat natuurlik nie meer van toepassing is nie.) In ooreenstemming met die genoemde bedoeling sal die Fonds aangewend word:

(a) vir die betaling van die salaris , of enige deel daarvan of byvoeging daartoe, van professore en dosente;
(b) vir beurse en geldelike hulp aan studente, wat op sodanige wyse verleen sal word dat die bedoeling soos in die testament vervat die beste uitgevoer word;
(c) vir die aankoop van boeke;
(d) vir die aanbieding van wetenskaplike lesings ter bevordering van die Afrikaanse nasionale belang;
(e) op sodanige of ander wyse wat na mening van die trustees die doeleindes waarvoor hierdie bemaking gemaak word, die beste kan bevorder.

Aansoeke vir befondsing moet die volgende insluit:

- Naam, van en kontakbesonderhede van aansoeker, wat 'n permanente persooneellid van die US moet wees.
- Besonderhede van die departement / afdeling van die US waarbinne die projek bestuur word.
- 'n Kort opsomming (van hoogstens 300 woorde) van die projek.
- 'n Kort motivering (van hoogstens 100 woorde) waarom u van mening is dat die projek die doelstellings van die Fonds bevorder.
- Aanduiding van ander befondsing wat die projek reeds ontvang.
- Een- of meerjarige projekte sal oorweeg word vir befondsing. Indien aansoek gedoen word vir meerjarige befondsing, moet aangedui word watter deel van die befondsing in daaropvolgende jare benodig sal word.

Voornemende aansoekers om befondsing word verder op die volgende gewys:

- Aansoeke moet aandui of dit aanvaarbaar sal wees as HJM slegs 'n gedeelte van die fondse toeken waarvoor aansoek gedoen word.
- Wanneer 'n projekaansoek die aankoop van materiaal en toerusting bevat wat ook vir ander doeleindes aangewend word, is dit onwaarskynlik dat fondse toegeken sal word.
- Bywoning van buitelandse konferensies word nie gefinansier nie.
- Projekte vir teaterproduksies moet in Afrikaans wees.